

Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk 2020 retrospektief beskou deur prof. Ilse Feinauer

Hier volg 'n kriptiese weergawe van die verloop van 2020 met die fokus hoofsaaklik op die navorsingsuitsette van almal wat voordeel kon trek uit die Leerstoel.

Leerstoelhouer – Ilse Feinauer

Persoonlik:

- Verkies tot ondervoorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Genooi as hoofspreker van die *XIIth FIT (Federation of International Translation Associations) World Congress* in Varadero, Kuba vanaf 3 – 5 Desember. Hierdie kongres vind elke drie jaar plaas en word deur ongeveer 800 mense bygewoon. Dit het ongelukkig nie vanjaar plaasgevind nie en die kongres is na 3 – 5 Desember 2021 uitgestel.
- Genooi as een van die hoofsprekers by die Universiteit van Tartu in Estland op 12 en 13 Mei 2020 vir die kongres 'Translation as cultural transfer'. Dit vind ongelukkig nie plaas nie.
- Genooi om as dosent op te tree by die ATSA-kongres (Association for Translation Studies in Africa) en PhD-skool in Junie in Accra, Ghana. Dit vind ongelukkig nie plaas nie.
- Dien op uitvoerende raad van:
 - European Society for Translation Studies (EST)
 - Unesco Global Chair for Language Policy for Multilingualism
 - Tesourier van ATSA
- Universiteitsposisies:
 - Proesseleier by gradeplegtighede
 - Lid van die Aanstellingskomitee van die Senaat
 - Lid van die Fakulteit se Komitee vir Hoër Grade en Navorsing
- **Navorsing**

- Publikasies

Twee hoofstukke is saam met dr Amanda Lourens voltooi om in twee verskillende Routledge-publikasies in 2021 te verskyn. Ek is in albei gevalle genooi om 'n hoofstuk vir keuring voor te lê.

Feinauer Ilse en Lourens Amanda. 2021. Looking again at revision in literary translation. In Koponen, Mossop, B. Robert, I en Scocchera, G. (reds.). *Translation Revision and/or Post-Editing*. Londen, New York: Routledge.

Feinauer Ilse en Lourens Amanda. 2021. Who's the boss? Power relations between agents in the literary translation process. In Inggs, J. en Wehrmeyer, E. (reds.). *African Perspectives on Literary Translation*. Londen, New York: Routledge.

- Voortgaande projekte bestuur

Ek begin in 2020 aan **twee boekprojekte** werk: die een is 'n boek oor redigering en die ander is 'n boek oor die jongste tendense in vertaling. Die redigeerboek se voorlopige titel is: *The Reality of Revision* en ek beoog om mederedakteur te wees saam met dr Amanda Lourens. Ek is besig om met internasionale uitgewers te onderhandel en 'n oproep vir hoofstukke te beplan.

Die vertaalboek is 'n boek saam met drie ander mederedakteurs: prof Luc van Doorslaer van KU Leuven en die Universiteit van Tartu in Estland, dr Amanda Lourens en Marius Swart. Ons het reeds 'n voorlopige ooreenkoms met die uitgewer Benjamins en die boek se werkstitel is: *Translation flows: Exploring networks of people, processes and products*.

Vir die **Departement** inisieer ek 'n groot **navorsingsprojek** met die titel: *Die materialiteit van taal en teks*. Die beskrywing van die projek duur feitlik die hele jaar en verskeie departementslede werk saam hieraan. In 2021 sal die hele Departement genooi word om gestalte te gee aan die teoretiese raamwerk en artikels binne die projek te skryf. Ek voorsien 'n kongres en ook 'n boekprojek wat hieruit voortvloei.

KU Leuven nooi my om saam te werk aan 'n internasionale vertaalprojek met die titel *Binnenlandse vogels, buitenlandse nesten* waarin daar ondersoek ingestel word na Nederlandse boeke wat in 'n verskeidenheid Europese tale en Afrikaans vertaal word. My PhD-student Marike van der Watt werk saam met my aan hierdie projek.

- PhD-studente

Drie nuwe PhD-studente word ingeskryf wat almal hulle studie in Afrikaans aanpak:

Earl-Ray Basson met onderwerp: Die herstandaardisering van Afrikaans:

Die insluiting van Kaapse Afrikaanse idiome in Afrikaansskoolhandboeke

Ruchelle Lombard met onderwerp: Die invloed van internasionale boekebeurse op vertaalprojekte in en uit Afrikaans en Engels: 'n etnografiese gevallestudie

Dalene Vermeulen met onderwerp: Die verantwoordelike vertaling van vier Afrikaanse vrouedigters in Nederlands 1994-2022: 'n postkoloniale, interseksionele perspektief op die buitetekst. **Dalene Vermeulen is 'n PhD-Leerstoeelbeurshouer.**

- Magisterstudente

Een MA-student word afgelewer:

Maret Blom met haar onderwerp: 'n Aanlyn Afrikaanse akademiese redigeerwoordeboek: Die bruikbaarheid van 'n prototipe

Nadoktorale genoot – dr Danie Stander

Projek: Nerina Ferreira (1921–2012): teaterpraktisyn, vertaler en skrywer

Publikasies

Artikels

- 'Wat 'n mens nie is nie, kan 'n mens altyd word': Die spel van ouderdom en gender in Nerina Ferreira se vertaling van Astrid Lindgren se *Pippie Langkous*-reeks" is goedgekeur vir publikasie in die *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (TNA).
- 'Darling, ek is onrondneukbaar': Interlinguistiese en intersemiotiese vertaling in TRUK se 1983-produksie van Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van William Shakespeare se *The Taming of the Shrew* as *Die Vasvat van 'n Feeks*. Ingedien by Litnet Akademies.
- 'dié dag, / leef jy twee maal': Anna Neethling-Pohl se vertalings van vyf en twintig Shakespeare sonnette as performatiewe spraakhandeling. Ingedien by Litnet Akademies.
- 'Let your voice enter me!' / 'Laat u stem deur my vloei': Die vertaler as virtuoos van waarheid in Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van Peter Shaffer se *Amadeus*. Afgehandel en moet ingedien word. Nog onseker oor tydskrif.

Boekhoofstuk

- Die kontinuering van Bartho Smit se dramaturgiese visie in die werk van Reza de Wet. Goedgekeur vir plasing in Marisa Keuris en Temple Hauptfleisch, redakteurs van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsboek oor Bartho Smit. Dr Stander is deur die redakteurs genooi om 'n hoofstuk te lewer.

Kongresse

- Dissidente dogters in die kinderboekoeuvres van Alba Bouwer en Nerina Ferreira. Referaat gelewer by die Kongres vir Jong Navorsers aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands (USAN) op Stellenbosch: 24 Januarie 2020.

- Dr Stander se referaatvoorstel getiteld *Writing the Life of a South African Actress-Translator* is gekeur vir die volgende kongresse wat vanjaar sou plaasvind maar ondertussen uitgestel is na 2021 vanweë komplikasies verbonde aan die Covid-19-pandemie:

- *Life Writing in Translation* sou op 27 Mei 2020 by die King's College in Londen plaasgevind het. (Die vliegkaartjie en akkommodasie is reeds uit die Leerstoelfondse hiervoor aangekoop en dit kan hopelik later weer aangewend word.)
- *Articulating belonging: translingualism, belonging and the creation of South African social collectivities* sou op 12 and 13 November 2020 by die Universiteit van Amsterdam plaasgevind het.

Die nuwe datums vir die bogenoemde kongresse moet nog bevestig word.

Beurshouers

- **PhD (eerste jaar van drie jaar)**

- **Annie Burger** - PhD in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: Verbruikerstekste in komplekse kontekste: Die verband tussen kontekstuele en buitetekstuele faktore en die doeltreffende aanwending van gewone taal.

Sy voltooi twee hoofstukke in haar eerste studiejaar.

- **Dalene Vermeulen** – PhD in Vertaling met onderwerp: Die verantwoordelike vertaling van vier Afrikaanse vrouedigters in Nederlands 1994-2022: 'n postkoloniale, interseksionele perspektief op die buitetekst.

Sy voltooi haar voorstel en begin met haar navorsing.

- **MA (eerste jaar van twee jaar)**

- Kanja van der Merwe – MA in Vertaling met onderwerp: 'n Onderzoek na pedagogiese tolking vir Afrikaanstweedetaalverwerwing: 'n Gevallestudie.

Sy voltooi haar voorstel en aansoek vir etiese klaring en begin met haar navorsing.

- Hennely Nel - MA in Vertaling met onderwerp: Die vertaling van coloured vrouestemme in die Afrikaanse poësie teen die agtergrond van die transnasionale feministiese diskoers

Sy voltooi haar voorstel en begin met haar navorsing.

- Francé Muller – MA in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: 'n Etnografiese ondersoek na die vryheid van taalkeuses aan die US.

Sy is steeds besig met die afronding van haar voorstel.

- **Honneurs (een jaar)**

- Natasha Harmse – Afrikaans en Nederlands
Slaag met onderskeiding.

- Lynn-Marie Solomons - Afrikaans en Nederlands
Slaag met onderskeiding.

- Asambese Mkumatela – Vertaling
Slaag.

- Marlize ter Borg – Vertaling
Slaag met onderskeiding.

Internskappe

Alhoewel die pandemie ons planne sleg in die wiele gery het om internskappe vir die studente te reël, kon ons tog wel enkele studente plaas wat virtueel gewerk het. Hierdie groepie is almal honneursstudente in Vertaling.

- Elizma van Staden by Kwela-uitgewers
- Marguerite Ewert by Africa Sun Media

- Henriëtte Loots by Stellenbosch Universiteit se Kommunikasiediens
- Natalie Ludik by FinWeek

Slotwoord

Hiermee my innige dank aan Ton en Anet Vosloo vir die beskikbaarstelling van die fondse om nie net mense wat met taal werk se loopbane te bevorder nie, maar ook die taal, Afrikaans, self te ondersteun. Hopelik het die uitsette van 2020 ook aan die Leerstoelgewers se verwagtinge voldoen.



16 Februarie 2020